

## **DIE STRANDLOPERS**

Hierdie is die sewende verslag vanjaar.

### **Politiek**

- Noord-Afrika en die Midde-Ooste bly onstabiel. Tans lyk dit asof daar nie werklike oplossings vir die Libiese probleem is nie, terwyl die situasie in Sirië verder versleg, maar niemand van buite inmeng nie.
- Ek vind dit moeilik om my in te dink hoe dit moet wees om op 'n hospitaalbed in 'n hok in 'n hofsaal te wees. Laat die mense jou darem toe om "kamer te verlaat"? Dit bly egter 'n feit dat reg en geregtigheid altyd aan die kant is van die een wat die geveg wen.
- Plaaslik maak een van die politieke swaargewigte planne om 'n regering waarvan hy nie hou nie te onttroon, terwyl die regering 'n ander land uit die finansiële moeilikheid help om sodoende seker politieke onstabieleit te voorkom. Intussen laat die plaaslike regering egter toe dat die praterij oor nasionalisering enige plaaslike of internasionale investeerder moet laat koue voete kry.
- Die politieke gekibbel in die VSA Kongres oor die verhoging van die skuldplafon – wat almal vooraf geweet het hulle betyds sal lig – het nou daartoe bygedra dat die land sy AAA kredietgradering kwyt is by een van die graderingsmaatskappye. Sommige waarnemers is van mening dat dit mettertyd tot sowat \$100 miljard aan bykomende rentebetelings per jaar deur die VSA regering kan lei.
- Ai, as ekonomiese beleid net sonder politieke inmenging kon geskied!!

### **Internasionaal**

- Die onstabieleit in die wêreld finansiële markte het die afgelope drie weke – in die taal van sommige TV sepies – beslis epidermiese afmetings aangeneem!
- Nadat die VSA staatskuldplafon gelig is – en voldoende behoort te wees om tot 2013 die begrotingstekort te finansier – het die fokus na die huidige ekonomiese aanwysers wat op 'n verlangsaming van die VSA en ander ekonomieë dui, geskuif. Die ooreenkoms om die skuldplafon te lig het ook onderneem om staatsbesteding in die volgende aantal jare te verminder. Dit sal meebring dat die fiskale stimulus (staatsbesteding) minder sal wees en sal bydra tot slegs matige ekonomiese groei in komende jare.
- Die fokus het ook weer eens na die probleme binne die eurogebied geskuif waar die rente wat veral Spanje en Italië op hul staatseffekte moet betaal, rekord vlakke behaal het. Die aanduiding dat die Europese Sentrale Bank (ESB) weer staatseffekte van sommige van die lande wat in die moeilikheid is, koop, het die resessie vrese in die finansiële markte verder laat toeneem.
- Kapitaal het dus gevlug van aandelebeurse na die Switserse frank, die Japanse jen, goud en silwer, maar veral ook na VSA staatseffekte asook die van die ander ontwikkelde lande.
- Aandeelpryse en kaptiaalmarkrentekoerse het die afgelope week dramaties gedaal. Daarteenoor het die Switserse en Japanse owerhede ingemeng om die sterk verstewiging van hul geldeenheide teen te werk.

- In hierdie verband is dit net goed om te onthou dat maatskappye tans oor die algemeen baie goeie winsyfers bekend maak, terwyl die groot probleme in die openbare sektore lê waar regerings sukkel om hul begrotingstekorte onder beheer te kry. Die vrees bestaan dat baie van die PIIGS lande (Portugal, Italië, Ierland, Griekeland, Spanje) nie instaat sal wees om hul verpligtings na te kom nie. 'n Gedeelte van hul bestaande skuld sal dus afgeskryf moet word, of hulle sal uit die eurosone moet tree of op een of ander wyse hul ekonomieë en uitvoere sterk aan die gang kry. Tans lyk dit egter eerder asof daar 'n ontkenning van die probleme is as om die bul by die horings te pak. Of word daar dalk weer gewag dat die Duitse belastingbetaler/kieser die gelag moet betaal, terwyl die res vir aalmoese wag?
- Die resultaat van die huidige situasie is dat VSA, Japanse en VK korttermynrentekoerse tot die einde van 2012 of selfs begin van 2013 op huidige vlakke kan bly. Die ESB kan steeds besluit om rentekoerse in die laaste kwartaal van die huidige 1.5% tot 1.75% te verhoog. Daarna kan hierdie koerse ook tot die einde van 2012/ begin 2013 stabiel wees.
- In die Verre-Ooste waar korttermynrentekoerse die afgelope tyd verhoog is weens sterk ekonomiese groei en inflasiesyfers, kan die huidige vrees vir stadiger ekonomiese groei 'n verposing in die verdere styging van hierdie rentekoerse meebring.
- Langtermynrentekoerse wat gedaal het tot vlakke van Oktober 2010, kan verder daal indien daar meer aanduidings van swak ekonomiese groei en matige inflasie is – nieteenstaande groot openbare sektor finansieringsbehoefte.
- Algemene kommoditeitspryse het die afgelope paar weke gedaal weens die vrees dat ekonomiese groei in die Verre-Ooste en veral China afkoel. Paar weke gelede was die algemene vooruitskating dat groei in die tweede helfte van die jaar sal verbeter weens die heropbou van die Japanse ekonomie na die Maart aardbewing en omdat verwag is dat oliepryse sal daal vanaf die hoë vlakke in die eerste helfte van die jaar. Al twee hierdie verwagtings is nog geldig, maar word tans oorheers deur die vrees dat ekonomiese groei sal verlangsaam.
- Die goudprys het weer nuwe rekordvlakke behaal weens die vlug van kapitaal na hierdie veilige bēreplek in tye van onsekerheid. Die verswakking van die dollar, asook die aanduiding dat rentekoerse op lae vlakke sal bly, het die prys verder ondersteun. Die Verre-Oosterse juweliersvraag, asook aanduidings dat sommige sentrale banke hul goudvoorraad aanvul, ondersteun ook die prys.
- Die olieprys het die afgelope tyd verswak weens die vrees dat ekonomiese groei afkoel. Die langer termyn vooruitskattings is dat die vraag na en prys van olie sal styg weens die ekonomiese groei in die Verre-Ooste.

## **Plaaslik**

- Die plaaslike ekonomie sal negatief geraak word indien die wêreldekonomie se groei verlangsaam. Die grootste impak is egter die onsekerheid wat deur regeringsoptrede veroorsaak word. Eerstens is daar die moontlikheid van nasionalisering wat voortdurend na vore kom en nie behoorlik van die tafel gevee word nie en tweedens die onsekerheid wat geskep word oor die

Walmart/Massmart oorname. Verder dra die onstabieleit van die finansiële wêreld, asook die voortdurende plaaslike arbeidsonrus by tot onsekerheid in die plaaslike sakeomgewing.

- Die buitengewone hoë salaris- en loonsverhogings wat werkers tans beding, kan meebring dat verbruiksbesteding in die tweede helfte van die jaar steeds goed vaar. Die aanduidings is wel dat die wanbalans tussen verbruik en produksie sal voortduur.
- Die internasionale finansiële onsekerhede, tesame met die plaaslike politieke uitsprake, kan dit in komende maande moeiliker maak om die voortgesette tekorte op die lopenderekening van die betalingsbalans te finansier. Hierdie invloed was tot dusver meer as voldoende om die tekort te finansier en die voortgesette lae internasionale rentekoerse vergeleke met die plaaslike rentekoersvlakke, dui daarop dat hierdie invloedie steeds sal voortduur. Die RSA sal net bedag moet wees op enige noemenswaardige sentimentsverandering wat kan plaasvind.
- Die sentrale regering se finansies bly redelik goed onder beheer, alhoewel die uitgawetendense dopgehou moet word – veral ten opsigte van die bedrae wat aan salarisse, lone en welsynsdienste bestee word. Plaaslike owerhede se finansiële posisie bly benard en vind neerslag in die stygende rekeninge wat aan hierdie owerhede vereffen moet word.
- Werkloosheid bly onaanvaarbaar hoog. Dit sal heel moontlik in komende maande verder styg soos werkgewers gedwing word om kostes onder beheer te hou weens die sterk rand en van duur arbeid ontslae geraak word.
- Groot salaris- en loonaanpassings kan meebring dat inflasie verder aangewakker word. Nogtans word verwag dat werkgewers wel sal poog om arbeidskoste onder beheer te hou. Die Reserwebank het na sy jongste rentekoersvergadering aangedui dat inflasie teen die vierde kwartaal vanjaar die boonste teikenvlak van 6% kan bereik, maar eers in die eerste kwartaal die vlak kan oorskry. Die verwagting is steeds dat dit tydelik sal wees en in die res van 2012 en in 2013 binne die teikenvlak sal beweeg.
- Indien die Reserwebank reg is met sy inflasie vooruitskatting, dan dui dit daarop dat plaaslike korttermynrentekoerse tot die einde van 2012 op huidige vlakke sywaarts kan beweeg.
- Langtermynrentekoerse volg internasionale tendense en kan ook in die res van die jaar sywaarts beweeg nieteenstaande die opwaartse inflasietendens en die groot finansieringsbehoefte van die openbare sektor.
- Die rand word steeds deur die invloed van buitelandse kapitaal ondersteun, maar word nadelig geraak deur die internasionale onstabieleit en risikovermyding wat tans hoogty vier.

### **Beleggingsomgewing**

- Die onstabieleit wat tans op internasionale finansiële markte ervaar word, kan nog geruime tyd voortduur.
- Die probleme lê egter veral aan die kant van regeringsbegrotings en –skuld wat tot onhanteerbare vlakke styg. Dit veroorsaak dat regerings hul besteding meer in ooreenstemming met hul inkomstes moet bring wat tot minder stimulus en stadiger ekonomiese groei kan lei.

- Intussen het maatskappyfinansies oor die algemeen sedert die oorlewingstryd tydens die 2009 resessie, aansienlik verbeter deurdat kostes daadwerklik verminder is. (Ongelukkig het dit werkloosheid laat styg.) Oor die algemeen word goeie maatskappywinste verklaar, maar aandelepryse verswak weens die onsekerhede wat daar tans in die wêreld finansiële markte bestaan. Solank korttermynrentekoerse op die huidige vlakke bly, sal beleggers weer na beter opbrengste moet soek.
- Tans word hierdie beter opbrengste in die "veilige" kapitaalmarkte van die wêreld gevind met hierdie rentekoerse wat daal. In die geval van die VSA is hierdie rentekoerse weer op die vlak waar hulle in Oktober 2010 was. Gegewe die lae vlak van hierdie rentekoerse, die groot vraag om regerings se begrotingstekorte te finansier asook die vrees dat inflasie mettertyd verder kan styg, bly hierdie markte ook onderworpe aan onsekerheid. Hoe ver en lank kan hierdie rentekoerse nog daal?
- Gedurende hierdie onstabiele periode, word die Switserse frank en jen as veilige bêreplekke gesien. Geldeenhede soos die Australiese, Nieu-Seelandse en Kanadese dollars is ook in aanvraag, maar word tans vermy weens die verswakking van kommoditeitspryse.
- In die RSA word verwag dat kortkoerse sywaarts kan beweeg tot einde 2012.
- Langkoerse kan in die korttermyn verder daal in navolging van internasionale tendense en die sentimentsverandering wat in die plaaslike mark na vore kan tree indien die algemene siening oor kortkoerse verander en daar nie meer verwag word dat hierdie koerse aan die einde van 2011 of begin van 2012 sal styg nie.
- Die rand bly onstabiel, maar solank internasionale kortkoerse sywaarts beweeg en plaaslike politieke uitsprake getemper word, kan die rand tot die einde van 2012 sterk vertoon teen die dollar en euro.

Ulrich Joubert

6 Augustus 2011.